

1 Julie

Skrifgedeelte: Nehemia 11
Fokusgedeelte: Nehemia 11:1,2

Die Here wys ook 'n woonplek aan

So dikwels hunker 'n mens na 'n woonplek soos wat jy daarvan hou. Min mense se drome word egter waar, want woon en werk hang nou met mekaar saam. Ons woon waar ons werk is. En werk behoort 'n roeping te wees. Dis 'n saak waarvoor menige Christen, wat oor emigreer na die buiteland moet besluit, diep nadink. Waar wil die Here hê moet ek woon en werk?

Na die herstel van die stadsmure was daar twee behuisingsmoontlikhede: of in die stad Jerusalem of in die boerderywêreld buite die stad. Die hele stad was nog nie opgebou nie. Die puin moes tot bewoonbare huise en werkplekke omskep word (Neh 7:4). Dit was onveilig, omdat die bevolking maar min was. Daarom was dit aanlokliker om nie in die stad te gaan woon nie.

Aanvanklik het net die leiers daar gewoon (7:5). Tog was dit die wil van die Here dat daar meer mense in Jerusalem ook sal woon. Soos by die aanvanklike vestiging in die beloofde land (Num 34:13), word die beskikking van God ook hier deur die lot bepaal. Een uit elke tien gesinne moes in Jerusalem gaan woon. Daar was egter ook vrywilligers wat aangebied het om daar te gaan woon.

Soos die Here destyds woon- en werkplek bepaal het, doen Hy dit vandag nog steeds. Die maklikste en gerieflikste plek is nie altyd sy wil nie, maar daar waar jy met jou gewes die beste diensbaar kan wees. Woon en werk dan met vreugde waar Hy jou ook al roep.

Sing: Psalm 102:6

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)